

Draaiderm (rooiderm) op lusern weidings

Daar was die afgelope tyd baie vrektes aan draaiderm (rooiderm) in die Overberg en SuidKaap. Draaiderm kom veral voor by jong, vinnig groeiende skape wat vir 'n lang tyd op sappige, hoë proteïen, lae vesel, groen weidings, veral jong lusern, wei. Dit veroorsaak dat die dikderm vergroot as gevolg van die kos wat vinnig uit die grootpens na die dermkanaal beweeg. Sodra die skaap vinnig van posisie verander deur byvoorbeeld te hardloop, aangejaag word, spring of op sy stert neer gesit word, lei dit dat deel van derm wat swaar en vol kos is, omdop. Erge hitte, wat die jong lusern laat verlep, veroorsaak voorts gas in die dermkanaal wat ook die derm kan verplaas en laat omslaan. Die bloedtoevoer na die dermkanaal word afgesy, kieme begin groei en die dood treë baie gou in.

Simptome: As die dier oopgesny word, vertoon die derms rooi, bloederig en is met gas gevul. Aangetaste diere toon tekens van buikpyn, hulle blêr en kreun as gevolg van die ongemak, maak rukbewegings en skop na die pens met die agterpote. Die diere vrek vinnig en ontbinding treë vinnig in.

Behandeling: Dood treë gewoonlik so vinnig in dat daar geen behandeling toegepas kan word nie.

Voorkoming: Dit is baie belangrik om die oormatige uitsetting van die dikderm te verhoed. Dit is nie prakties moontlik om skape weg te hou van voedsame weidings nie. Dit is egter belangrik om die weidings afgebroke te bewei. Skape kan byvoorbeeld na 3 tot 4 dae op die weiding, onttrek word en op 'n ander tipe weiding of hooi vir 2 dae geplaas word. Verskaf droë ruvoer ad lib op die weidings. Hierdie praktyk is nie altyd so effektief nie, omdat sommige skape nie die ruvoer vreet nie. Om opblaas te voorkom, moet skape altyd met 'n vol pens op jong lusernweidings geplaas word (hulle moenie honger wees nie). As skape op sappige lusernweidings loop, wees baie versigtig om hulle oormatig te hanteer. Wees versigtig vir te veel stikstof bemesting.

Vir enige navrae, kontak Jannie Fourie van die NWKV op Caledon by 0835641105.